



# SA STAAR BELASTINGKRISIS IN DIE GESIG

UITGAWE 88

JANUARIE 2010

Deur Magnus Heystek—Beleggingstrateeg

**BYNA oral ter wêreld begin die “groen lote” van ekonomiese herlewing duidelike tekens van ’n volwaardige bloeisel toon en dat ’n globale gemiddelde groeikoers van oor die 3% vanjaar dalk glad nie vergesog is nie.**

Maar wat Suid-Afrika betref lyk die prentjie egter glad nie so rooskleurig nie en sit die ekonomie nog steeds vasgesuig in die ekonomiese moeras. Ten beste sal SA se ekonomie vanjaar met sowat 2% groei wat nie veel afbreuk sal maak aan die land se reuse werkloosheidsyfer nie.

SA sit reeds met ’n strukturele hoë werkloosheidsyfer van sowat 25% van die volwasse bevolking. Hierdie syfer is nou noodwendig veel hoër nadat sowat een miljoen werkers sedert die begin van die ekonomiese krisis hul werk verloor het.

Hierdie faktor, tesame met brose verbruikersvertroue en ’n gebrek aan krediet by die banke, het grootliks daartoe bygedra tot die skerpste daling in private verbruiksbesteding in 45 jaar in November verlede jaar. Sommige ekonomie het met verbasing hierna verwys as “depressiewe toestande” aangesien kredietverlening selfs in vorige resessies nog steeds bly styg het, hoewel teen lae vlakke.

’n Regstreekste gevolg van hierdie lae vlakke van ekonomiese aktiwiteit is dat SA se belastinginvordering kwaai in die wiele gery word en dat ’n begrotingstekort van tussen R80 en R100 miljard virdie huidige belastingjaar in hierdie stadium glad nie vergesog is nie.

In Februarie verlede jaar het die vorige finansminister Trevor Manuel in sy laaste begrotingsrede nog kordaat voorspel dat SA die ergste gevolge van die globale kredietknars sal vryspring met n groeikoers van 4% en ’n begrotingstekort van slegs R14 miljard wat gefinansier moet word.

Teen Oktober verlede jaar, toe dit baie duidelik was dat die ekonomiese wiele kwaai besig was om af te val moes die nuwe minister Pravin Gordhan maar toegee dat die tekort tussen R50 en R70 miljard sal wees.

Verlede week op die 5de Januarie het Nasionale Tesourie egter die bom gelos: belastinginvordering in die eerste agt maande van die jaar was R26 miljard **minder** as ’n jaar vantevore. Let wel: nie R26 miljard minder as die begrote syfer nie, maar R26 miljard **minder** as dieselfde tydperk in die vorige boekjaar. ’n Reuse daling in reële terme derhalwe.

**Globale  
Markte  
& SA Ekonomie**

## AFTREE-SEMINAAR

DATUM: WOEN, 10de FEB 2010

TYD: 16H00 TOT 17H30

PLEK: BRENTHURST  
AUDITORIUM, GEBOU 2  
H/V WILLIAM NICOL &  
FOURWAYS BOULEVARD,  
FOURWAYS

RSVP: ANTJE +27 11 799- 8100

[reception@brenthurstwealth.co.za](mailto:reception@brenthurstwealth.co.za)

Hierdie skoknuus is bekend gemaak toe meeste Suid-Afrikaners nog steeds op vakansie was en fondsbestuurders nog nie terug op kantoor was nie. Die volle impak van hierdie aankondiging is nog nie na behore deur die markte geabsorbeer nie.

Terselfdertyd het staatsbesteding egter verder toegeneem van R403,2 miljard tot R489,5 miljard oor dieselfde tydperk. Doen die somme op die agterkant van 'n sigaretboksie en hier kom 'n ding wat staatsfinansies betref.

Maatskappybelasting in die besonder is kwaai getref deur die ekonomiese insinking, en so ook BTW, wat 'n aanduiding is van hoe bedaar ekonomiese aktiwiteite tans is.

Die eerste ding wat heel waarskynlik sal gebeur is 'n verhoging in belasting, beide persoonlike sowel as maatskappybelasting, in die komende begroting, hier iewers in Maart vanjaar.

Die staat kan ook nie durf om sy rol as teen-sikliese stimuleerder te ignoreer nie en derhalwe sal staatsbesteding nie summier ingekort word nie. Dit kom neer op meer lenings, veral in die buiteland, om hierdie tekort te finansier. Dit sal koerse op staatseffekte hoër laat neig, iets wat alreeds in die afgelope paar weke in die markte merkbaar was.

Wat veral bekommer is dat SA se internasionale krediet-gradering dalk in die gedrang kan kom, soos wat reeds met Spanje, Griekeland en Ierland gebeur het. Aldrie hierdie lande se kredietgradering is reeds afgemerkt deur internasionale graderingsagentskappe wat dit moeiliker en duurder vir hulle maak om lenings op globale kapitaalmarkte te bekom.

Dis nou baie duidelik dat Trevor Manuel (en saam daarmee die regering) hopeloos te optimisties was oor die ekonomie en ook staatsfinansies. Het die algemene verkiesing in April verlede jaar dalk hier 'n rol gespeel?

Hoe dit ookal sy, die land stuur baie vinnig op 'n belastingkrisis af, en dit is glad nie vergesog dat die begrotingstekort tot oor die vlak van 10% kan styg nie.

Dan sluit SA aan hom aan by ander lande, soos Brittanje, Japan en selfs die VSA waar begrotingskorte ook kwaai gestyg het.

Maar die probleem is dat SA hom in die kamp van opkomende land bevind, en hier is hy feitlik die enigste opkomende land wat met so 'n groot begrotingstekort sit.

Gelukkig ondervind SA nog steeds gunstige toestande wat internasionale vloei van geld betref, en verlede jaar het meer as R74 miljard se nuwe kapitaal die land ingevloei, die meeste daarvan bestem vir belegging op die beurs.

Maar dit bly altyd 'n groot gevaar dat buitelanders skrik vir die ekonomiese fundamentele faktore wat plaaslik heers en dalk die hasepad kies met hul geld. Hou dan die rand wisselkoers dop wat dit betref.

## MARKTE VERBAAS IN 2009

Vir die eerste vier maande van verlede jaar het dit gevoel asof die wereld tot 'n einde gaan kom, so kwaai was die uit-skud op markte en so erg was die ekonomiese nuusstroom.

Maar die globale ekonomie het nie in 'n depressie verval nie—soos deur baie voospel is—en teen die einde van die jaar was die JSE aandelebeurs 29% hoër as die jaar vantevore.

In ons nuusbrief in Mei verlede jaar het ons kliënte gemaan om nie emosioneel te reageer op die skerp dalings nie. Vorige sulke daalfases—in 1987, 1990 en 2001, het geleer dat markte op kort-termyn soms totaal onrealisties en onlogies kan optree.

Vanaf November 2008 (toe Lehman Bros. gesluit het) tot en met die laagtepunt in Maart verlede jaar—was markte weer eens vasgegryp in nog so 'n waansinnige bui.

“Hou vas”, het ons gemaan, veral aan diegene wat ten alle wil en dank alles wou verkoop en omskep in kontant. Dat hierdie die korrekte advies was blyk duidelik uit die kwaai herstel in die mark van 'n vlak van onder 18 000 tot huidige vlakke van oor die 28 000.

Die vorige hoogtepunt van 33 000 lyk nou glad nie buite bereik nie, soos wat markte weer kwaai styg op die rug van 'n herlewing in globale ekonomiese herlewing.

Dit wys weer eens op die waarheid van die ou gesegde deur die legendariese beleggingsguru Sir John Templeton, “*beleggingsfortuine word gemaak wanneer almal paniekerig is en daar bloed op die vloere vloei....*”

Die geskiedenis het homself nou weer herhaal.

# OPBRENGSTE DEUR DIE KREDIET-KNYP

OPGAWE OOR 'N JAAR-PERIODE VIR 'N VERSKEIDENHEID FONDSE WAARVAN BRENTHURST WEALTH GEBRUIK MAAK

	1 Maand	3 Maande	1 Jaar	3 Jare	5 Jare	10 Jare
ALLAN GRAY BALANCED FUND A	2.61%	5.59%	13.97%	9.14%	17.90%	20.10%
ALLAN GRAY EQUITY FUND A	3.54%	6.44%	21.01%	7.52%	21.19%	22.17%
ALLAN GRAY STABLE FUND A	0.94%	2.24%	7.00%	10.41%	13.54%	
ALLAN GRAY-ORBIS GLOBAL FUND OF FUNDS A	-0.19%	0.32%	-5.22%	6.67%	12.73%	
CORONATION BALANCED PLUS FUND A	2.74%	5.75%	21.01%	9.13%	17.84%	15.61%
CORONATION TOP 20 FUND A	4.10%	7.48%	35.09%	12.65%	24.13%	
INVESTEC HIGH INCOME FUND R	2.25%	3.58%	10.05%	10.15%	9.02%	10.87%
INVESTEC MANAGED FUND R	4.75%	9.26%	20.08%	6.89%	14.85%	14.00%
INVESTEC OPPORTUNITY FUND R	2.73%	7.37%	18.93%	9.87%	16.59%	17.51%
INVESTEC VALUE FUND R	3.79%	8.34%	27.10%	7.77%	19.03%	25.62%
NEDGROUP INVESTMENTS POSITIVE RETURN FUND A	2.76%	4.05%	12.13%	11.95%		
STANLIB PROPERTY INCOME FUND A	1.81%	2.39%	15.24%	12.24%	21.24%	

## VOORUITSIG VIR GLOBALE EKONOMIESE GROEI VERBETER LANGSAAM

SA behoort darem voordeel te trek uit die oplewing in globale ekonomiese aktiwiteit. Die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) het verlede week op 6 Januarie bekend gemaak dat hy die wêreld se groeivoorsigte opwaarts aangepas het.

By monde van sy adjunkhoof John Lipsky sê die IMF dat :”die jaar 2010 het aangebreek teen die agtergrond van stygende optimisme ten opsigte van die globale ekonomiese en finansiële vooruitsig. Hierdie verbetering is te bespeur in ekonomiese data, die vertoning van finansiële markte asook die opwaartse aanpassing van ekonomiese voorspellings.”

Die IMF voorspel dat die wêreldekonomie vanjaar met tussen 3 en 3,5% sal groei wat nie te versmaai is na die globale insinking van 1,1% verlede jaar nie. Ryk lande sal met gemiddeld 1,3% groei terwyl ontwikkelende lande met gemiddeld 5,1% sal groei.

Suid-Afrika, met sy benarde fiskale situasie, word egter tans meegesleur deur die vloedgolf geld wat na kommoditeitsproduserende land vloei. Een gevolg hiervan is die sterk rand wat die uitvoersektor wat nie kommoditeite uithaal en verwerk nie, kwaai seer maak.

## AFTREE-SEMINAAR 10 FEBRUARIE 2010



Die kwessie van aftrede en aftredebeplanning is 'n al-groter wordende probleem, nie alleen in SA nie maar ook oral in die westerse wêreld. 'n Demografiese vloedgolf van mense, veral blankes, nader nou aftrede in SA met geen of min kennis oor alle fasette van aftrede, insluitende beleggings, belasting en beleggingsprodukte. Dit skep 'n uiters gevaarlike situasie vir mense in hierdie bootjie.

**BRENTHURST WEALTH BESKOU HOMSELF AS KENNERS OP HIERDIE UITERS INGEWIKKELDE GEBIED EN BIED GEREELDE SEMINARE HIEROOR AAN VIR HULLE KLIËNTE (EN OOK VOORNEMENDE KLIËNTE) WAT BESIG IS OM VOOR TE BEREI VIR AFTREDE.**

Soos in die verlede hou **Brenthurst Wealth** 'n reeks seminare oor hierdie onderwerp, beginnende met die eerste een op 10 Februarie by die Brenthurst Wealth-hoofkantoor in Fourways, Johannesburg. Dit sal gevolg word deur seminare in Pretoria en Kaapstad. Meer inligting oor lg. twee seminare in ons volgende nuusbrief.

**AFTREE-SEMINAAR 10 FEBRUARIE 2010**

**DATUM:** 10 FEBRUARIE 2010  
**PLEK:** BRENTHURST WEALTH-ODITORIUM, FOURWAYS, GAUTENG.  
 GEBOU 2 PRISM KANTOORPARK, H/V WILLIAM NICOL EN FOURWAYS BOULEVARD.  
**TYD:** 15H30 VIR 16H00.  
**RSVP:** SKAKEL ANTJE MOUTON TE (011) 799-8100 OF EPOS [ANTJE@BRENTHURSTWEALTH.CO.ZA](mailto:ANTJE@BRENTHURSTWEALTH.CO.ZA).

**SPREKERS:**  
**MAGNUS HEYSTEK & JOHAN BURGER**  
 ASOOK N BEKENDE EKONOMOOM (DETAILS SAL LATER BEKEND GEMAAK WORD).

**KAAPSTAD KANTOOR:**

Dis met trots dat ons kan aankondig dat mej. Lesyl Potgieter aangestel is as hoof van die Kaapse kantoor.

Mej. Potgieter is 'n geektroieerde rekenmeester met die grade BCom CA en is ook 'n gesertifiseerde finansiële beplanner (GFP) van die Universiteit van die Oranje Vrystaat.


Dit is die hoogste kwalifikasie in die bedryf vir finansiële beplanning.

Dit bring die getal GFP's by Brenthurst op sewe te staan, 'n uitsonderlike prestasie waarop ons baie trots is.

Daar is nie baie finansiële adviseursfirma met soveel GFP's kan spog nie. Dit verseker dat ons kliente deurlopende advies van hoogstaande gehalte ontvang.

**PRETORIA KANTOOR:**

Brenthurst Wealth onderhandel tans vir kantoorruimte ten einde 'n kantoor in die Pretoria-gebied te open. Meer nuus in ons volgende nuusbrief.



En dan is dit nie te laat om almal 'n voorspoedige en gesonde 2010 geluk te wense nie.  
**VOLGENDE NUUSBRIEF: DIE GEVARE VAN N BELEGGING IN EIENDOMSINDIKASIES**

**BELEGGINGSADVISEURS:**

**BRIAN BUTCHART CFP®**  
[brian@brenthurstwealth.co.za](mailto:brian@brenthurstwealth.co.za)

**JOHAN BURGER CFP®**  
[johan@brenthurstwealth.co.za](mailto:johan@brenthurstwealth.co.za)

**SONIA DU PLESSIS CFP®**  
[sonia@brenthurstwealth.co.za](mailto:sonia@brenthurstwealth.co.za)

**MICHELLE BURGER CFP®**  
[michelle@brenthurstwealth.co.za](mailto:michelle@brenthurstwealth.co.za)

**RENEE EAGAR CFP®**  
[renee@brenthurstwealth.co.za](mailto:renee@brenthurstwealth.co.za)

**BELEGGINGSTRATEEG:**

**MAGNUS HEYSTEK**  
[magnus@heystek.co.za](mailto:magnus@heystek.co.za)

**BELASTING:**

**GAVIN BUTCHART**  
[gavinb@brenthurstwealth.co.za](mailto:gavinb@brenthurstwealth.co.za)

**BEMARKING:**

**SUE HEYSTEK**  
[sue@brenthurstwealth.co.za](mailto:sue@brenthurstwealth.co.za)

**KLIËNTEDIENS:**

**VIRASHA MAHARAJ**  
[virasha@brenthurstwealth.co.za](mailto:virasha@brenthurstwealth.co.za)

**ESMERIE LOOTS**  
[esmerie@brenthurstwealth.co.za](mailto:esmerie@brenthurstwealth.co.za)

**CELESTE PHAKHATI**  
[celeste@brenthurstwealth.co.za](mailto:celeste@brenthurstwealth.co.za)

**ALLIE SIKHOSANA**  
[allie@brenthurstwealth.co.za](mailto:allie@brenthurstwealth.co.za)

**ANTJE MOUTON**  
[reception@brenthurstwealth.co.za](mailto:reception@brenthurstwealth.co.za)

**BRENTHURST WEALTH MANAGEMENT (PTY) LTD**

GEBOU 3 PRISM OFFICE PARK, CORNER FOURWAYS BOULEVARD & WILLIAM NICOL DRIVE, GAUTENG, SOUTH AFRICA

**Telefoon JHB: (011) 799- 8100**

**KAAPSTAD KANTOOR: 0861 799 8000**

**Webwerf: [www.brenthurstwealth.co.za](http://www.brenthurstwealth.co.za)**

Brenthurst Wealth Management is 'n geregistreerde finansiële diens-verskaffer (FSP no. 7833). Hierdie e-posboodskap en byvoegsels is uitsluitend bedoel vir die geadresseerde(s) en daarom wettig gepriviligeer en/of vertroulik. As u per abuis hierdie e-posboodskap ontvang het, vernietig dit asb. As u nie die geadresseerde is nie, mag u nie die inhoud rugbaar maak, kopieer, versprei of op grond van die inhoud daarvan handel nie. Enige ongemagtigde gebruik of openbaarmaking daarvan is verbode en kan onwettig wees. Die siening en mening soos vervat in hierdie boodskap is nie noodwendig verteenwoordig van die van die bestuur van Brenthurst Wealth nie.